



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE
STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 3189

REGULASIEKOERANT No. 3189

PRICE (GST included) 30c PRYS (AVB ingesluit)

Registered at the Post Office as a Newspaper

ABROAD 40c BUITELANDS

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

POST FREE · POSVRY

Vol. 191]

PRETORIA, 1 MAY 1981
MEI

[No. 7566

PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 85, 1981

AMENDMENT OF THE RULES GOVERNING THE SOUTH AFRICAN SPORTS MERIT AWARD—DIE SUID-AFRIKAANSE SPORTMERIETETOEKENNING—INSTITUTED BY WARRANT 55 OF 1971, AS AMENDED BY PROCLAMATION R. 234 OF 1973

Whereas it is deemed desirable that the Rules governing the South African Sports Merit Award—die Suid-Afrikaanse Sportmerietetoeëkenning—should be amended;

And whereas it is deemed desirable to recognise outstanding achievements of national or provincial sports teams, subject to certain conditions;

Now, therefore, I do hereby amend rules 10 and 11 and substitute new rules for rules 2, 5 and 6 of the said Rules, as follows:

Rule 2

Substitute the following new rule for the existing rule:

“2. The decoration shall be awarded—

(a) to individual sportsmen/sportswomen for recognised competitive sports achievements within the boundaries of the Republic of South Africa;

(b) to sports coaches who have, over a period, through their sustained high standard of coaching, brought about outstanding sports achievements by South African sportsmen/sportswomen at international and/or national level;

(c) to sports administrators/officials who have, through their sustained efforts, contributed to the promotion and furtherance of the sport concerned; and

(d) to national or provincial sports teams for recognised competitive sports achievements at international and/or national level within the boundaries of the Republic of South Africa”.

573—A

PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 85, 1981

WYSIGING VAN DIE REËLS BETREFFENDE DIE SUID-AFRIKAANSE SPORTMERIETETOEKENNING—THE SOUTH AFRICAN SPORTS MERIT AWARD—INGESTEL BY BEVELSKRIF 55 VAN 1971 SOOS GEWYSIG BY PROKLAMASIE R. 234 VAN 1973

Nademaal dit wenslik geag word dat die Reëls betreffende die Suid-Afrikaanse Sportmerietetoeëkenning—the South African Sports Merit Award—gewysig moet word;

En nademaal dit wenslik geag word dat, behoudens sekere voorwaardes, voortreflike prestasies van nasionale of provinsiale sportspanne erken word;

So is dit dat ek hierby reëls 10 en 11 van bedoelde reëls wysig en reëls 2, 5 en 6 deur nuwe reëls vervang, soos volg:

Reël 2

Vervang die bestaande reël deur die volgende nuwe reël:

“2. Die dekorasie word toeëken—

(a) aan individuele sportmanne/sportvroue vir erkende mededingende sportprestasies binne die grense van die Republiek van Suid-Afrika;

(b) aan sportafrigters wat oor 'n periode deur middel van hul volgehoue hoë standaard van afrigting, voortreflike sportprestasies deur Suid-Afrikaanse sportmanne/sportvroue op internasionale en/of nasionale vlak teweëgebring het;

(c) aan sportadministrateurs/sportbeamptes wat volgehoue voortreflike werk verrig het om 'n betrokke sportsoort uit te bou en te verbeter; en

(d) aan nasionale of provinsiale sportspanne vir erkende mededingende sportprestasies op internasionale en/of nasionale vlak binne die grense van die Republiek van Suid-Afrika”.

7566—1

Rule 5

Substitute the following new rule for the existing rule:

"5. (a) This decoration shall be awarded to—

(i) individual sportsmen/sportswomen who, through affiliation, are members of recognised national controlling bodies of sport and who are annually nominated for the award by the respective controlling bodies of sport on the basis of the best achievement(s) attained in the particular sport(s);

(ii) individual sports coaches who are annually nominated for the award by the respective controlling bodies of sport on the basis of their sustained outstanding coaching achievement(s) in the particular sport(s);

(iii) provincial or national sports teams who are annually nominated for the award by the respective controlling bodies of sport subject to the following conditions:

(aa) awards to a team will only be valid for team sports;

(bb) a team award will only be made in those cases where the national controlling body is unable to decide on an award to an individual sportsman/sportswoman in a particular year;

(cc) the captain of the nominated team will receive the award on behalf of the team;

(dd) the award remains the property of the national or provincial controlling body of sport concerned; and

(ee) should an award be made in respect of a team sport, the individual award referred to in rule 2 (a) lapses; and

(iv) individual sports administrators/sports officials who are, from time to time, nominated for the award by the Department of National Education on the basis of sustained and truly outstanding achievements and qualities as administrators and/or officials in a particular sport.

(b) The nominations by the national controlling bodies for awards referred to in (a) (i), (ii) and (iii) shall be based on sports achievements attained during officially recognised national or at least interprovincial competitive events.

(c) The awards for coaches/administrators/officials shall be made once only.

(d) The awards for individual sportsmen/sportswomen shall not be awarded more than three (3) times to the same person."

Rule 6

Substitute the following new rule for the existing rule:

"6. Recognised national controlling bodies of sport are those affiliated to the South African Sports Federation and/or the South African Olympic and National Games Association and/or which are recognised by the Department of National Education as the national controlling body of the particular sport."

Rule 10 (b)

Substitute the words "Director-General of National Education" for the words "Secretary for Sport and Recreation".

Rule 11

Substitute the words "Director-General of National Education" for the words "Secretary for Sport and Recreation".

Reël 5

Vervang die bestaande reël deur die volgende nuwe reël:

"5. (a) Hierdie dekorasie word toegeken aan—

(i) individuele sportmanne/sportvroue wat, deur affiliasie, lede is van erkende nasionale sportbeheerliggame en wat jaarliks deur dié beheerliggame benoem word vir die toekenning op die basis van die voortrefflikste prestasie(s) wat in die betrokke sportsoort(e) behaal is;

(ii) individuele sportafrigters wat jaarliks deur dié beheerliggame benoem word vir die toekenning op die basis van volgehoue voortrefflike afrigtingsprestasie(s) wat in die betrokke sportsoort(e) behaal is;

(iii) provinsiale of nasionale sportspanne wat jaarliks deur dié beheerliggame benoem word behoudens die volgende voorwaardes:

(aa) Toekennings aan 'n span is slegs vir span-sportsoorte geldig;

(bb) 'n spansporttoekenning word slegs toegeken in gevalle waar die nasionale sportbeheerliggame nie kan beslis oor 'n toekenning aan 'n individuele sportman/sportvrou in 'n betrokke jaar nie;

(cc) die kaptein van die betrokke span ontvang die toekenning namens die span;

(dd) die toekenning is die eiendom van die betrokke nasionale of provinsiale sportbeheerliggame; en

(ee) indien 'n spantoekenning gemaak word ten opsigte van die betrokke sportsoort, verval die individuele toekenning soos in reël 2 (a) gemeld; en

(iv) individuele sportadministrateurs/sportbeamptes wat van tyd tot tyd deur die Departement van Nasionale Opvoeding benoem word vir die toekenning op die basis van werklik voortrefflike volgehoue prestasies en eienskappe as administrateurs en/of beamptes in 'n betrokke sportsoort.

(b) Die benoemings deur die nasionale beheerliggame vir toekennings onder (a) (i), (ii) en (iii) gemeld moet gegrond wees op sportprestasies wat tydens amptelike erkende nasionale of ten minste interprovinsiale mededingende byeenkomste behaal is.

(c) Die toekennings vir afrigters/administrateurs/beamptes is eenmalige toekennings.

(d) Die toekennings vir individuele sportmanne/sportvroue word hoogstens drie (3) keer aan dieselfde persoon toegeken."

Reël 6

Vervang die bestaande reël deur die volgende nuwe reël:

"6. Erkende nasionale sportbeheerliggame is dié wat by die Suid-Afrikaanse Sportfederasie en/of die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spelevereniging geaffilieer is en/of wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding as nasionale beheerliggame van die betrokke sportsoort erken word."

Reël 10 (b)

Vervang die woorde "Sekretaris van Sport en Ontspanning" deur die woorde "Direkteur-generaal van Nasionale Opvoeding."

Reël 11

Vervang die woorde "Sekretaris van Sport en Ontspanning" deur die woorde "Direkteur-generaal van Nasionale Opvoeding."

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Seventh day of April, One thousand Nine hundred and Eighty-one.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

G. VAN N. VILJOEN.

No. R. 86, 1981

WINE AND SPIRITS AMENDMENT ACT, 1980
(ACT 87 OF 1980)

COMMENCEMENT OF CERTAIN PROVISIONS
OF THE ACT.—REPEAL

Under the powers vested in me by section 15 of the Wine and Spirits Amendment Act, 1980 (Act 87 of 1980), I hereby repeal Proclamation R. 249, 1980.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Ninth day of April, One thousand Nine hundred and Eighty-one.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. T. C. DU PLESSIS.

No. R. 97, 1981

OILSEEDS CONTROL SCHEME.—AMENDMENT

Whereas the Minister of Agriculture and Fisheries has in terms of section 15 (3), read with section 9 (2) (c) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), accepted the proposed amendment, as set out in the Schedule hereto, to the Oilseeds Control Scheme, published by Proclamation R. 55 of 1968, as amended, and has, in terms of section 12 (1) (b) of the said Act recommended the approval of the said proposed amendment:

Now, therefore, under the powers vested in me by section 15 (3), read with section 14 (1) (a) of the said Act, I do hereby declare that the said amendment shall come into operation on the date of publication hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Warmbaths on this Sixteenth day of April, One thousand Nine hundred and Eighty-one.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. T. C. DU PLESSIS.

SCHEDULE

1. The Oilseeds Control Scheme, published by Proclamation R. 55 of 1968, as amended, is hereby further amended by the addition of the following paragraph after paragraph (r) of section 15:

“(s) on such conditions as the Minister may approve to—

(i) acquire or develop any plant material which producers use for the production of oilseeds;

(ii) multiply or improve such plant material, or to sell such plant material to producers of oilseeds or to persons who in the course of their business sell such plant material to such producers;

(iii) finance out of its funds the development, improvement or multiplication of such plant material.”.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sewende dag van April Eenduisend Negehonderd Een-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

G. VAN N. VILJOEN.

No. R. 86, 1981

WYSIGINGSWET OP WYN EN SPIRITUALIEË
1980 (WET 87 VAN 1980)

INWERKINGTREDING VAN SEKERE BEPA-
LINGS VAN DIE WET.—HERROEPING

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 van die Wysigingswet op Wyn en Spiritualieë, 1980 (Wet 87 van 1980), herroep ek hierby Proklamasie R. 249, 1980.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Negende dag van April Eenduisend Negehonderd Een-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. T. C. DU PLESSIS.

No. R. 97, 1981

OLIESADEBEHEERSKEMA.—WYSIGING

Nademaal die Minister van Landbou en Visserye kragtens artikel 15 (3), saamgelees met artikel 9 (2) (c) van die Bemerkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die voorgestelde wysiging soos in die Bylae hiervan uiteengesit, van die Oliesadebeheerskema, afgekondig by Proklamasie R. 55 van 1968, soos gewysig, aangeneem het en kragtens artikel 12 (1) (b) van genoemde Wet, goedkeuring van genoemde wysiging aanbeveel het:

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 (3), saamgelees met artikel 14 (1) (a) van genoemde Wet, hierby verklaar dat genoemde wysiging op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Warmbad, op hede die Sestiende dag van April Eenduisend Negehonderd Een-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. T. C. DU PLESSIS.

BYLAE

1. Die Oliesadebeheerskema, afgekondig by Proklamasie R. 55 van 1968, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die byvoeging van die volgende paragraaf na paragraaf (r) van artikel 15:

“(s) op die voorwaardes wat die Minister goedkeur—

(i) plantmateriaal te verkry of te ontwikkel wat produsente gebruik vir die produksie van oliesade;

(ii) sodanige plantmateriaal te vermeerder of te verbeter of dit te verkoop aan produsente van oliesade of aan persone wat in die loop van hul besigheid sodanige plantmateriaal aan bedoelde produsente verkoop;

(iii) die ontwikkeling, verbetering of vermeerdering van sodanige plantmateriaal uit die Raad se fondse te finansier.”.

GOVERNMENT NOTICES**DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND FISHERIES**

No. R. 928

1 May 1981

By virtue of the powers vested in me by section 7bis of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act 36 of 1947), I, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister of Agriculture and Fisheries, hereby issue the prohibitions set out in the Schedule.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister of Agriculture and Fisheries.

SCHEDULE**PROHIBITION ON ACQUISITION, DISPOSAL, SALE OR USE OF CERTAIN AGRICULTURAL REMEDIES AND STOCK REMEDIES**

1. Unless the context otherwise indicates, words and expressions in this notice have the meaning assigned thereto in the Act, and "the Act" means the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act 36 of 1947), and the regulations pertaining to the registration, importation, manufacture, movement and sale of agricultural remedies and the regulations relating to the registration and sale of stock remedies.

2. (a) No person shall acquire, dispose of or sell any agricultural remedy or stock remedy which contains a substance specified in the Annexure.

(b) As from 1 January 1982 no person shall use any such agricultural remedy or stock remedy.

3. No person shall use any agricultural remedy which—

(a) contains any anorganic arsenic compound on vegetative material, except material derived from citrus; and

(b) contains any mercury compound on seed, bulbs, tubers, stalks or other vegetative matter, which are intended for consumption by people, domestic animals, livestock, poultry, fish or wild animals.

4. No person shall use any agricultural remedy or stock remedy which is not registered under the Act for the treatment of a plant or animal of which the material or products are intended for consumption by people, domestic animals, livestock, poultry, fish or wild animals.

5. The provisions of paragraphs 2, 3 and 4 shall not be so construed as to prohibit the acquisition, disposal, sale and use of an agricultural remedy or stock remedy referred to in those paragraphs—

(a) for experimental purposes approved by the registrar in writing; or

(b) by or on recommendation of the registrar.

6. The prohibitions set out in this notice shall apply throughout the Republic and were, in so far as they so apply to the territory of South-West Africa, issued with the consent of the Administrator-General of that territory.

ANNEXURE**PROHIBITED SUBSTANCES**

1. A mixture of different isomer of BHC [excluding gamma-BHC with a purity grade of at least 99 per cent (Lindane)].

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN VISSERYE**

No. R. 928

1 Mei 1981

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 7bis van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet 36 van 1947), vaardig ek, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister van Landbou en Visserye, die verbodsbepalings in die Bylae uiteengesit, uit.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister van Landbou en Visserye.

BYLAE**VERBOD OP DIE VERKRYGING, VERVREEMDING, VERKOOP EN GEBRUIK VAN SEKERE LANDBOUMIDDELS EN VEEMIDDELS**

1. Tensy uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings in hierdie kennisgewing dieselfde betekenis as in die Wet daaraan toegeken, en beteken "die Wet" die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet 36 van 1947), en die regulasies met betrekking tot die registrasie, invoer, vervaardiging, vervoer en verkoop van landboumiddels en die regulasies met betrekking tot die registrasie en verkoop van veemiddels.

2. (a) Niemand mag 'n landboumiddel of 'n veemiddel wat 'n stof bevat wat in die Aanhangel gespesifiseer is, verkry, vervreem of verkoop nie.

(b) Vanaf 1 Januarie 1982 mag niemand so 'n landboumiddel of veemiddel gebruik nie.

3. Niemand mag 'n landboumiddel wat—

(a) enige anorganiese arseenverbinding bevat, op plantaardige materiaal uitgesonderd materiaal afkomstig van sitrus; en

(b) enige kwikverbinding bevat, op saad, bolle, knolle, stingels of ander plantaardige materiaal,

wat vir verbruik deur mense, huisdiere, lewende hawe, pluimvee, vis of wilde diere bestem is, gebruik nie.

4. Niemand mag 'n landboumiddel of 'n veemiddel wat nie kragtens die Wet geregistreer is nie, vir die behandeling van 'n plant of 'n dier waarvan die materiaal of produkte vir verbruik deur mense, huisdiere, lewende hawe, pluimvee, vis of wilde diere bestem is, gebruik nie.

5. Die bepalinge van paragrawe 2, 3 en 4 word nie so uitgelê nie dat dit die verkryging, vervreemding, verkoop of gebruik van 'n landboumiddel of 'n veemiddel in daardie paragrawe bedoel—

(a) vir eksperimentele doeleindes wat skriftelik deur die registrateur goedgekeur is, verbied; en

(b) deur of op aanbeveling van die registrateur verbied.

6. Die verbodsbepalinge in hierdie kennisgewing uiteengesit, is van toepassing dwarsdeur die hele Republiek en is, vir sover dit in die gebied Suidwes-Afrika van toepassing is, met die toestemming van die Administrateur-generaal vir daardie gebied uitgevaardig.

AANHANGSEL**VERBODE STOWWE**

1. 'n Mengsel van verskillende isomere van BHC [uitgesonderd gamma-BHC met 'n suiwerheidsgraad van minstens 99 persent (Lindaan)].

2. Dichlor-diphenyl-trichloroethane (DDT).
 3. Dieldrin of aldrin, with the exception of aldrin for use underneath buildings for the control of wood destructing termites.

No. R. 929 1 May 1981

REGULATIONS RELATING TO THE CLASSIFICATION, PACKING AND MARKING OF FRUIT JUICE AND DRINK INTENDED FOR SALE IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.—AMENDMENT

The Minister of Agriculture and Fisheries has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), made the regulations as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. In this Schedule "regulations" means the regulations published by Government Notice R. 286 of 7 November 1980.

2. The regulations are hereby amended by the addition of the following regulation after regulation 3:

"(3) An inspection fee of 33c per 500 kg, to the nearest 500 kg, in a consignment of canned fruit juice or -drink, with a minimum of 33c per inspection, shall be paid to the Department by the owner or manufacturer thereof, when such fruit juice or -drink is presented for inspection.

(4) For the purposes of this regulation 'canned fruit juice or -drink' means fruit juice or -drink which have been preserved by heat against decay in hermetically sealed containers."

No. R. 959 1 May 1981

PRICES OF FLOUR, MEAL, SEMOLINA AND SELF-RAISING FLOUR.—AMENDMENT

In terms of section 79 (b) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), I, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister of Agriculture and Fisheries, hereby make known that the Wheat Board, referred to in section 6 of the Winter Cereal Scheme, published by Proclamation R. 162 of 1974, as amended, has under section 37 of the said Scheme with my approval, amended the prohibition published by Government Notice R. 1998 of 26 September 1980, as set out in the Schedule hereto.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister of Agriculture and Fisheries.

SCHEDULE

The Annexure to Government Notice R. 1998 of 26 September 1980, is hereby amended as follows:

1. Clause 1 is hereby amended by—

(a) the substitution for the table in subclause (1) of the following table:

	R
"Cake flour.....	425,03
White bread flour.....	371,36
Brown bread meal.....	328,98
Whole-wheat meal.....	327,88
Semolina.....	425,03";

(b) the substitution for the table in subclause (2) of the following table:

	R
"Cake flour.....	428,03
White bread flour.....	374,36
Brown bread meal.....	331,98
Whole-wheat meal.....	330,88
Semolina.....	428,03";

2. Dichloordifinietrichlooretaan (DDT).
 3. Dieldrin of aldrin, uitgesonderd aldrin vir gebruik onder geboue vir die beheer van ondergrondse houtvernietigende termiete.

No. R. 929 1 Mei 1981

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE KLASSIFIKASIE, VERPAKKING EN MERK VAN VRUGTESAP EN -DRANK BESTEM VIR VERKOOP IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.—WYSIGING

Die Minister van Landbou en Visserye het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, gemaak.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 286 van 7 November 1980.

2. Die regulasies word hierby gewysig deur na subregulasie (2) van regulasie 3 die volgende subregulasie by te voeg:

"(3) 'n Ondersoekgeld van 33c per 500 kg, tot die naaste 500 kg, in 'n besending ingemaakte vrugtesap of -drank, met 'n minimum van 33c per ondersoek, moet aan die Departement betaal word, deur die eienaar of vervaardiger daarvan, wanneer sodanige vrugtesap of -drank vir inspeksie aangebied word.

(4) Vir die doeleindes van hierdie regulasie beteken 'ingemaakte vrugtesap of -drank' vrugtesap of -drank wat deur middel van hitte teen bederf gevrywaar is in lugdigverseelde houers."

No. R. 959 1 Mei 1981

PRYSE VAN MEELBLOM, MEEL, SEMOLINA EN BRUISMEEL.—WYSIGING

Ingevolge artikel 79 (b) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), maak ek, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister van Landbou en Visserye, hierby bekend dat die Koringraad, genoem in artikel 6 van die Wintergraanskema, afgekondig by Proklamasie R. 162 van 1974, soos gewysig, kragtens artikel 37 van die genoemde Skema, met my goedkeuring, die verbod afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1998 van 26 September 1980 gewysig het soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister van Landbou en Visserye.

BYLAE

Die Aanhangel tot Goewermentskennisgewing R. 1998 van 26 September 1980, word hierby soos volg gewysig:

1. Klousule 1 word hierby gewysig deur—

(a) die tabel onder subklousule (1) deur die volgende tabel te vervang:

	R
"Koekmeelblom.....	425,03
Witbroodmeelblom.....	371,36
Bruinbroodmeel.....	328,98
Volkoringmeel.....	327,88
Semolina.....	425,03";

(b) die tabel onder subklousule (2) deur die volgende tabel te vervang:

	R
"Koekmeelblom.....	428,03
Witbroodmeelblom.....	374,36
Bruinbroodmeel.....	331,98
Volkoringmeel.....	330,88
Semolina.....	428,03";

(c) the substitution for the table in subclause (3) of the following table:

	R
"Cake flour.....	428,03
White bread flour.....	374,36
Brown bread meal.....	206,98
Whole-wheat meal.....	205,88
Semolina.....	428,03";

(d) the substitution in subclause (4) for the expressions "500 g cardboard containers of semolina: R121,92" of the expression. "500 g cardboard containers of semolina: R123,64"; and

(e) the substitution in subclause (6) for the expressions "R566,53" and "R516,81" of the expressions "R575,81" and "R526,06" respectively.

2. Clause 2 is hereby amended by—

(a) the substitution for the table in subclause (1) of the following table:

	R
"Cake flour.....	442,03
White bread flour.....	386,21
Brown bread meal.....	342,14
Whole-wheat meal.....	341,00
Semolina.....	442,03";

(b) the substitution for the table in subclause (2) of the following table:

(c) die tabel onder subklousule (3) deur die volgende tabel te vervang:

	R
"Koekmeelblom.....	428,03
Witbroodmeelblom.....	374,36
Bruinbroodmeel.....	206,98
Volkoringmeel.....	205,88
Semolina.....	428,03";

(d) in subklousule (4) die uitdrukking "500-g-kartonhouers semolina R121,92" deur die uitdrukking "500-g-kartonhouers semolina R123,64" te vervang; en

(e) in subklousule (6) die uitdrukkings "R566,53" en "R516,81" respektiewelik deur die uitdrukkings "R575,81" en "R526,06" te vervang.

2. Klousule 2 word hierby gewysig deur—

(a) die tabel onder subklousule (1) deur die volgende tabel te vervang:

	R
"Koekmeelblom.....	442,03
Witbroodmeelblom.....	386,21
Bruinbroodmeel.....	342,14
Volkoringmeel.....	341,00
Semolina.....	442,03";

(b) die tabel onder subklousule (2) deur die volgende tabel te vervang:

	65 kg jute containers	50 kg cotton containers	50 kg paper containers	25 kg cotton containers	12,5 kg cotton containers	12,5 kg paper containers	5 kg paper containers	2,5 kg paper containers	1 kg paper, containers
Cake flour.....	R 445,58	R 445,90	R 445,63	R 446,09	R 446,59	R 446,14	R 446,42	R 447,03	R 447,31
White bread flour.....	389,77	390,08	389,81	390,28	390,77	390,32	390,61	391,21	391,49
Brown bread meal.....	345,69	346,00	345,74	346,20	346,70	346,24	216,53	217,14	217,42
Whole-wheat meal.....	344,55	344,86	344,59	345,06	345,55	345,10	215,39	215,99	216,27
Semolina.....	445,58	445,90	445,63	446,09	446,59	446,14	446,42	447,03	447,31

	65 kg jute-houers	50 kg katoen-houers	50 kg papier-houers	25 kg katoen-houers	12,5 kg katoen-houers	12,5 kg papier-houers	5 kg papier-houers	2,5 kg papier-houers	1 kg papier-houers
Koekmeelblom.....	R 445,58	R 445,90	R 445,63	R 446,09	R 446,59	R 446,14	R 446,42	R 447,03	R 447,31
Witbroodmeelblom.....	389,77	390,08	389,81	390,28	390,77	390,32	390,61	391,21	391,49
Bruinbroodmeel.....	345,69	346,00	345,74	346,20	346,70	346,24	216,53	217,14	217,42
Volkoringmeel.....	344,55	344,86	344,59	345,06	345,55	345,10	215,39	215,99	216,27
Semolina.....	445,58	445,90	445,63	446,09	446,59	446,14	44,642	447,03	447,31

(c) by the substitution in subclause (5) for the expressions "R589,19" and "R537,48" of the expressions "R598,84" and "R547,10" respectively.

3. Clause 3 (2) is hereby amended by—

(a) the substitution for the table in paragraph (a) of the following table:

(c) deur in subklousule (5) die uitdrukkings "R589,19" en "R537,48" respektiewelik deur die uitdrukkings "R598,84" en "R547,10" te vervang.

3. Klousule 3 (2) word hierby gewysig deur—

(a) die tabel onder paragraaf (a) deur die volgende tabel te vervang:

	Per bag of 65 kg net (jute container)	Per bag of 50 kg net (cotton container)	Per bag of 50 kg net (paper container)	Per bag of 25 kg net (cotton container)	Per bag of 12,5 kg net (cotton container)	Per bag of 12,5 kg net (paper container)	Per bag of 5 kg net (paper container)	Per bag of 2,5 kg net (paper container)	Per bag of 1 kg net (paper container)
Cake flour.....	R 30,66	R 24,57	R 24,20	R 12,98	R 6,67	R 6,51	R 2,68	R 1,42	R 0,58
White bread flour.....	27,54	22,01	21,63	11,59	5,97	5,81	2,39	1,29	0,52
Brown bread meal.....	24,95	19,98	19,60	10,67	5,52	5,35	1,46	0,81	0,33
Whole-wheat meal.....	24,87	19,92	19,54	10,63	5,50	5,33	1,46	0,81	0,33
Semolina.....	30,66	24,57	24,20	12,98	6,67	6,51	2,68	1,42	0,58

	Per sak van 65 kg netto (jute-houer)	Per sak van 50 kg netto (katoen-houer)	Per sak van 50 kg netto (papier-houer)	Per sak van 25 kg netto (katoen-houer)	Per sak van 12,5 kg netto (katoen-houer)	Per sak van 12,5 kg netto (papier-houer)	Per sak van 5 kg netto (papier-houer)	Per sak van 2,5 kg netto (papier-houer)	Per sak van 1 kg netto (papier-houer)
Koekmeelblom.....	R 30,66	R 24,57	R 24,20	R 12,98	R 6,67	R 6,51	R 2,68	R 1,42	R 0,58
Witbroodmeelblom.....	27,54	22,01	21,63	11,59	5,97	5,81	2,39	1,29	0,52
Bruinbroodmeel.....	24,95	19,98	19,60	10,67	5,52	5,35	1,46	0,81	0,33
Volkoringmeel.....	24,87	19,92	19,54	10,63	5,50	5,33	1,46	0,81	0,33
Semolina.....	30,66	24,57	24,20	12,98	6,67	6,51	2,68	1,42	0,58

(b) the substitution for the table in paragraph (c) of the following table:

(b) die tabel onder paragraaf (c) deur die volgende tabel te vervang:

	For 25 kg or more, per 65 kg	For 12,5 kg or more, but less than 25 kg, per 12,5 kg	For 5 kg or more, but less than 12,5 kg, per 5 kg	For 2,5 kg or more, but less than 5 kg, per 2,5 kg	For less than 2,5 kg, per 1 kg
	R	R	R	R	R
Cake flour.....	30,66	6,31	2,57	1,32	0,53
White bread flour.....	27,54	5,78	2,41	1,23	0,49
Brown bread meal.....	25,06	5,36	2,23	1,16	0,47
Whole-wheat meal.....	24,98	5,34	2,22	1,15	0,47
Semolina.....	30,66	6,31	2,57	1,32	0,53

	Vir 25 kg of meer, per 65 kg	Vir 12,5 kg of meer, maar minder as 25 kg, per 12,5 kg	Vir 5 kg of meer, maar minder as 12,5 kg, per 5 kg	Vir 2,5 kg of meer, maar minder as 5 kg, per 2,5 kg	Vir minder as 2,5 kg, per 1 kg
	R	R	R	R	R
Koekmeelblom.....	30,66	6,31	2,57	1,32	0,53
Witbroodmeelblom.....	27,54	5,78	2,41	1,23	0,49
Bruinbroodmeel.....	25,06	5,36	2,23	1,16	0,47
Volkoringmeel.....	24,98	5,34	2,22	1,15	0,47
Semolina.....	30,66	6,31	2,57	1,32	0,53

(c) the substitution in paragraph (d) for the expression "33c" of the expression "34c".

(c) deur die uitdrukking "33c" in paragraaf (d) deur die uitdrukking "34c" te vervang.

- 4. Clause 4 is hereby amended by the substitution for the expression "R26,33" of the expression "R31,24".
- 5. This notice shall come into operation on 1 May 1981.

- 4. Klousule 4 word hierby gewysig deur die uitdrukking "R26,33" deur die uitdrukking "R31,24" te vervang.
- 5. Hierdie kennisgewing tree in werking op 1 Mei 1981.

No. R. 960 1 May 1981
SPECIAL LEVY ON WHITE BREAD FLOUR, BROWN BREAD MEAL AND WHOLE-WHEAT MEAL IN STOCK AT COMMERCIAL BREAD BAKERS ON 30 APRIL 1981

No. R. 960 1 Mei 1981
SPESIALE HEFFING OP WITBROODMEEL-BLOM, BRUINBROODMEEL EN VOLKORINGMEEL IN VOORRAAD BY KOMMERSIELE BROODBAKKERS OP 30 APRIL 1981

In terms of section 79 (a) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), I, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister of Agriculture and Fisheries, hereby make known that the Wheat Board, referred to in section 6 of the Winter Cereal Scheme, published by Proclamation R. 162 of 1974, as amended, has under section 25 of that Scheme, with my approval, imposed the special levy set out in the Schedule hereto.

Kragtens artikel 79 (a) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), maak ek, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister van Landbou en Visserye, hierby bekend dat die Koringraad, vermeld in artikel 6 van die Wintergraanskema, afgekondig by Proklamasie R. 162 van 1974, soos gewysig, kragtens artikel 25 van daardie Skema, met my goedkeuring die spesiale heffing in die Bylae hiervan uiteengesit, opgelê het.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister of Agriculture and Fisheries.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister van Landbou en Visserye.

SCHEDULE

BYLAE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Winter Cereal Scheme, published by Proclamation R. 162 of 1974, as amended, or in the regulations published by Government Notice R. 1981 of 30 September 1977, as amended, has a corresponding meaning, and—

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wintergraanskema, afgekondig by Proklamasie R. 162 van 1974, soos gewysig, of in die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1981 van 30 September 1977, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

“commercial bread baker” means a person registered by the Board under section 36 of that Scheme to deal in the course of trade with white bread, brown bread, whole-wheat bread or compound bread.

“kommersiële broodbakker” iemand wat kragtens artikel 36 van die genoemde Skema deur die Raad geregistreer is om met witbrood, bruinbrood, volkoringbrood of kampongbrood as 'n besigheid te handel.

2. A special levy of—

2. Hierby word 'n spesiale heffing van—

(a) R3,78 per ton is hereby imposed on the quantity of white bread flour which a commercial bread baker has in stock immediately after expiration of 30 April 1981 (including any quantity of such flour purchased by him before such expiration and delivered to him after such expiration) less a quantity of 1,5 tons; and

(a) R3,78 per ton opgelê op die hoeveelheid witbroodmeelblom wat 'n kommersiële broodbakker onmiddellik na verstryking van 30 April 1981 in voorraad het (met inbegrip van enige hoeveelheid van sodanige meelblom voor bedoelde verstryking deur hom aangekoop en na sodanige verstryking aan hom gelewer) minus 'n hoeveelheid van 1,5 ton; en

(b) R3,33 per ton is hereby imposed on the quantity of brown bread meal and whole-wheat meal which a commercial bread baker has in stock immediately after expiration of 30 April 1981 (including any quantity of such meal purchased by him before such expiration and delivered to him after such expiration) less a quantity of 3,5 tons.

No. R. 962 1 May 1981
**LEVY AND SPECIAL LEVY ON GRAIN
 SORGHUM MALT**

In terms of section 79 (a) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), I, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister of Agriculture and Fisheries, hereby make known that the Maize Board, referred to in section 6 of the Summer Grain Scheme, published by Proclamation R. 45 of 1979, as amended, has in terms of sections 23 and 24 of that Scheme, with my approval, imposed a levy and special levy on grain sorghum malt as set out in the Schedule hereto.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister of Agriculture and Fisheries.

SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Summer Grain Scheme, published by Proclamation R. 45 of 1979, as amended, shall have a corresponding meaning, and—

“grain sorghum malt” means—

- (a) milled or unmilled sprouted grain sorghum; or
- (b) any commodity which contains a substantial portion of grain sorghum malt as defined in paragraph (a);

“producer”, in relation to grain sorghum malt, means a person by whom or on whose behalf grain sorghum malt is manufactured.

2. A levy of 58c per ton and a special levy of R39,67 per ton is hereby imposed—

- (a) on grain sorghum malt sold by or on behalf of a producer thereof or utilised by him for any purpose other than for consumption by himself or his household or for the feeding of his livestock: Provided that the levy shall not be payable if evidence is submitted to the satisfaction of the Board that the grain sorghum malt is not suitable for the manufacture of beer; and

- (b) on grain sorghum malt imported into the Republic.

3. This notice shall come into operation on 1 May 1981 and repeals Government Notice R. 873 of 27 April 1979, as amended by Government Notice R. 878 of 25 April 1980, with effect from the same date.

No. R. 963 1 May 1981
**LEVY AND SPECIAL LEVY ON GRAIN
 SORGHUM**

In terms of section 79 (a) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), I, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister of Agriculture and Fisheries, hereby make known that the Maize Board, referred to in section 6 of the Summer Grain Scheme, published by Proclama-

(b) R3,33 per ton opgelê op die hoeveelheid bruinbroodmeel en volkoringmeel wat 'n kommersiële broodbakker onmiddellik na verstryking van 30 April 1981 in voorraad het (met inbegrip van enige hoeveelheid van sodanige meel voor bedoelde verstryking deur hom aangekoop en na sodanige verstryking aan hom gelewer) minus 'n hoeveelheid van 3,5 ton.

No. R. 962 1 Mei 1981
**HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP
 GRAANSORGHUMMOUT**

Kragtens artikel 79 (a) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), maak ek, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister van Landbou en Visserye, hierby bekend dat die Mielleraad, vermeld in artikel 6 van die Somergraanskema, afgekondig by Proklamasie R. 45 van 1979, soos gewysig, kragtens artikels 23 en 24 van daardie Skema, met my goedkeuring die heffing en spesiale heffing in die Bylae hiervan uiteengesit, opgelê het.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister van Landbou en Visserye.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Somergraanskema, afgekondig by Proklamasie R. 45 van 1979, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis en beteken—

“graansorghummout”—

- (a) gemaalde of ongemaalde uitgeloopte graansorghum; of

- (b) 'n handelsartikel wat 'n wesentlike deel graansorghummout soos in paragraaf (a) omskryf, bevat; “produsent”, met betrekking tot graansorghummout, iemand deur wie of ten behoeve van wie graansorghummout vervaardig word.

2. 'n Heffing van 58c per ton en 'n spesiale heffing van R39,67 per ton word hierby opgelê—

- (a) op graansorghummout wat deur of ten behoeve van 'n produsent daarvan verkoop word of deur hom aangewend word vir enige ander doel as vir verbruik deur homself of vir verbruik deur sy huisgesin of vir die voer van sy lewende hawe: Met dien verstande dat die heffing nie betaalbaar is nie indien bewys ten genoë van die Raad gelewer word dat die graansorghummout nie vir die vervaardiging van bier geskik is nie; en

- (b) op graansorghummout wat in die Republiek ingevoer word.

3. Hierdie kennisgewing tree in werking op 1 Mei 1981 en herroep Goewermentskennisgewing R. 873 van 27 April 1979, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing R. 878 van 25 April 1980, met ingang van dieselfde datum.

No. R. 963 1 Mei 1981
**HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP
 GRAANSORGHUM**

Kragtens artikel 79 (a) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), maak ek, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister van Landbou en Visserye, hierby bekend dat die Mielleraad, vermeld in artikel 6 van die Somergraanskema, afgekondig by Proklamasie R. 45 van 1979, soos gewysig, kragtens artikels 23 en 24 van

tion R. 45 of 1979, as amended, has in terms of sections 23 and 24 of that Scheme, with my approval, imposed the levy and special levy set out in the Schedule hereto.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister of Agriculture and Fisheries.

SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Summer Grain Scheme, published by Proclamation R. 45 of 1979, as amended, shall have a corresponding meaning, and—

“controlled area” means the area comprising the Provinces of the Transvaal and the Orange Free State, the Magisterial Districts of Alexandria, Aliwal North, East London, Hartswater, Kimberley, King William's Town, Kuruman, Maclear, Port Elizabeth, Queenstown, Uitenhage, Vryburg and Warrenton in the Cape Province, those portions of the Magisterial Districts of Gordonia, Hay, Kenhardt and Prieska in the Cape Province, situated in a strip 48 kilometres north and 48 kilometres south of the Orange River between Boegoeberg Dam and a point on the Orange River directly north of Noudonsies, and the Magisterial Districts of Bergville, Camperdown, Dannhauser, Dundee, Durban, Estcourt, Glencoe, Hlabisa, Ixopo, Klip River, Kranskop, Lions River, Mooi River, Mount Currie, Msinga, Newcastle, New Hanover, Nqutu, Paulpietersburg, Pietermaritzburg, Pinetown, Port Shepstone, Umvoti, Utrecht, Vryheid and Weenen in the Province of Natal;

“grain sorghum” means the classes and grades of grain sorghum as defined in regulations 1 and 2 of the regulations published by Government Notice R. 633 of 27 April 1962, as amended.

2. A levy of 52c per ton and a special levy of R29,45 per ton is hereby imposed on all grain sorghum which is sold in the controlled area by producers to the Board.

3. This notice shall come into operation on 1 May 1981 and repeals Government Notice R. 869 of 27 April 1979, as amended by Government Notice R. 879 of 25 April 1980, with effect from the same date.

No. R. 964

1 May 1981

SPECIAL LEVY ON MAIZE PROCESSED BY MILLERS

In terms of section 79 (a) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), I, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister of Agriculture and Fisheries, hereby make known that the Maize Board, referred to in section 6 of the Summer Grain Scheme, published by Proclamation R. 45 of 1979, as amended, has in terms of section 24 of that Scheme, with my approval, imposed the special levy set out in the Schedule hereto.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister of Agriculture and Fisheries.

SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Summer Grain Scheme, published by Proclamation R. 45 of 1979, as amended, shall have a corresponding meaning, and—

“commercial miller” means a person as defined in clause 1 of the requirements published by Government Notice R. 481 of 16 March 1979, as amended, who grinds, crushes, grists or otherwise processes maize;

573—B

daardie Skema, met my goedkeuring die heffing en spesiale heffing in die Bylae hiervan uiteengesit, opgelê het.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister van Landbou en Visserye.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Somergraanskema, afgekondig by Proklamasie R. 45 van 1979, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis en beteken—

“beheerde gebied” die gebied bestaande uit die provinsies Transvaal en die Oranje-Vrystaat, die landdrosdistrikte Alexandria, Aliwal-Noord, Hartswater, Kimberley, King William's Town, Kuruman, Maclear, Oos-Londen, Port Elizabeth, Queenstown, Uitenhage, Vryburg en Warrenton in die Kaapprovinsie, die gedeeltes van die landdrosdistrikte Gordonia, Hay, Kenhardt en Prieska in die Kaapprovinsie, wat binne 'n strook 48 kilometer noord en 48 kilometer suid van die Oranjerivier tussen Boegoebergdam en 'n punt op die Oranjerivier reg noord van Noudonsies lê, en die landdrosdistrikte Bergville, Camperdown, Dannhauser, Dundee, Durban, Estcourt, Glencoe, Hlabisa, Ixopo, Kliprivier, Kranskop, Lions River, Mooirivier, Mount Currie, Msinga, Newcastle, New Hanover, Nqutu, Paulpietersburg, Pietermaritzburg, Pinetown, Port Shepstone, Umvoti, Utrecht, Vryheid en Weenen in die provinsie Natal;

“graansorghum” die klasse en grade graansorghum soos omskryf in regulasies 1 en 2 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 633 van 27 April 1962, soos gewysig.

2. 'n Heffing van 52c per ton en 'n spesiale heffing van R29,45 per ton word hierby opgelê op alle graansorghum wat in die beheerde gebied deur produsente aan die Raad verkoop word.

3. Hierdie kennisgewing tree in werking op 1 Mei 1981 en herroep Goewermentskennisgewing R. 869 van 27 April 1979, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing R. 879 van 25 April 1980, met ingang van dieselfde datum.

No. R. 964

1 Mei 1981

SPESIALE HEFFING OP MIELIES WAT DEUR MEULENAARS VERWERK IS

Kragtens artikel 79 (a) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), maak ek, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister van Landbou en Visserye, hierby bekend dat die Mielieraad, vermeld in artikel 6 van die Somergraanskema, afgekondig by Proklamasie R. 45 van 1979, soos gewysig, kragtens artikel 24 van daardie Skema, met my goedkeuring, die spesiale heffing in die Bylae hierby uiteengesit, opgelê het.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister van Landbou en Visserye.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Somergraanskema, afgekondig by Proklamasie R. 45 van 1979, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis en beteken—

“kommersiële meulenaar” 'n persoon, soos omskryf in klousule 1 van die voorskrifte afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 481 van 16 Maart 1979, soos gewysig, wat mielies maal, breek, tot gruis maak of andersins verwerk;

“maize” means the classes of maize defined in regulations 3, 4 and 5 of the regulations published by Government Notice R. 121 of 4 February 1972, as amended, including sample-grade maize;

“manufacturer” means a person, as defined in clause 1 of the requirements published by Government Notice R. 481 of 16 March 1979, as amended, who manufactures maize products;

“miller” means a person who deals in the course of trade with maize or maize products and who grinds, crushes, grists or otherwise processes maize in the Republic.

2. A special levy of R5 per ton is hereby imposed on the following classes of maize:

- (a) Maize processed by a miller for his own account;
- (b) maize processed by a miller on behalf of another person.

3. The special levy mentioned in clause 2 shall not be payable on—

(a) maize processed for a producer of maize produced by him or on his behalf and in respect of which it is proved to the satisfaction of the Board that the maize products so obtained are intended to be consumed by himself or members of his household or to be fed to his livestock;

(b) maize which is processed by means of the wetmilling process;

(c) maize which is processed into precooked maize products by manufacturers other than commercial millers;

(d) maize which is processed into maize malt.

4. This notice shall come into operation on 1 May 1981 and repeals Government Notice R. 871 of 27 April 1979, as amended by Government Notice R. 877 of 25 April 1980, with effect from the same date.

No. R. 965

1 May 1981

LEVY AND SPECIAL LEVY ON MAIZE

In terms of section 79 (a) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), I, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister of Agriculture and Fisheries, hereby make known that the Maize Board, referred to in section 6 of the Summer Grain Scheme, published by Proclamation R. 45 of 1979, as amended, has, in terms of sections 23 and 24 of the said Scheme, with my approval, imposed the levy and special levy set out in the Schedule hereto.

P. T. C. DU PLESSIS, Minister of Agriculture and Fisheries.

SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Summer Grain Scheme, published by Proclamation R. 45 of 1979, as amended, shall have a corresponding meaning, and—

“Area A” means the Provinces of the Transvaal and the Orange Free State, the Magisterial Districts of Hartswater, Vryburg and Warrenton, in the Cape Province, and the Magisterial Districts of Bergville, Dannhauser, Dundee, Estcourt, Glencoe, Klip River, Kranskop, Newcastle, Paulpietersburg, Umvoti, Utrecht, Vryheid and Weenen, in the Province of Natal; and

“meulenaar” ’n persoon wat met mielies of mielieprodukte as ’n besigheid handel en binne die Republiek mielies maal, breek, tot gruis maak of andersins verwerk;

“mielies” die klasse mielies soos omskryf in regulasies 3, 4 en 5 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 121 van 4 Februarie 1972, soos gewysig, met inbegrip van monstergraadmuelies;

“vervaardiger” ’n persoon, soos omskryf in klousule 1 van die voorskrifte afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 481 van 16 Maart 1979, soos gewysig, wat mielieprodukte vervaardig.

